

INHOUD — CONTENTS	
Die Toekoms van die Gereformeerde	1
Konfessie — — — — —	1
"Being Christ to our Neighbour" — — —	1
As u gesin Kersdag saam is — — — —	3
Friendship through Service — — — —	3
Gevaarlike Woorde — — — — —	4
Hiervan en daarvan — — — — —	5
Voluntary Service Overseas — — — —	5
The Anguish of Thomas Didymus — — —	6
Kersfees Afskaf . . . of nie — — — —	7
"Pro-Existence — Christian Voices in	
East Germany — — — — —	8
Menings van Lesers — — — — —	8

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang III, Nr. 6

Intekengeld R1 Subscription 5c

Dec. 15 Des. 1964

Volume III, No. 6

By die Hoofskantoor as Nuisblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper.

Die Toekoms van die Gereformeerde Konfessie

— PROF. DR. H. BERKHOF

Die gereformeerde konfessie het, wat betref die wyse waarop hy homself beskou het en deur ander beskou is, al 'n hele geskiedenis agter die rug. Volgens my mening kan ons daarin minstens agt stadia onderskei.

1. Die eerste stadium is dié van die **katolisiteit**. Die gereformeerde kerk wil eenvoudig die Kerk wees, die één Kerk van Christus, voortsetter van die één Kerk van die Middeleeue, maar nou her-vormd, ge-reform-eerd, „die nach Gottes Wort reformierte Kirche“, **ecclesia reformata**. Daarom wil hy hom ook nie na 'n mens laat vernoem nie. Daarom reken hy ook nie met ander kerke náas hom nie, maar alleen met dié valse kerk in verskillende gedaantes ténoor hom (die Roomse Kerk en die Dweepers). Daarom ken hy ook geen besondere „gereformeerde leerstelling“ nie, behalwe alleen die volstreekte gesag van die Skrif.

„En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelygestel word nie, of ook die gewoonte met die waarheid van God nie — want die waarheid is bo alles — of ook die groot menigte of die opvolging van tye of persone, of die Konsilies, verordeninge of besluite nie.”

(Ned. Geloofsbelijdenis, art. 7.) Hierdie kerk wil wees en is: die *ecclesia catholica reformata*.

2. Die groeiende her-vorm-de kerk het ander gestaltes van kerkhervorming op sy weg gevind, veral dié van Zwingli en van Luther. Calvin het alles gedoen wat hy kon om met albei tot 'n vereniging te kom. Met die Zwingliane het dit hom geluk, maar nie met die Lutherane nie. Luther het Zwingli indertyd afgewys, en sy volgelinge het Calvin gesien as 'n geesverwant van Zwingli. Uit hierdie wantroue vandaan kon hulle sy sintetiese nagmaalsleer nie aanvaar nie. En om hulle afwysing te regverdig, het hulle allerlei verskilpunte gesoek wat hulle as redes kon aanvoer om aan die Geneefse hervorming die karakter van Kerk te kon ontse. So het die gereformeerde Kerk 'n kerk naas 'n ander kerk, en spoedig naas ander kerke, geword. So is hy, teen sy wil, gedring in die posisie van 'n **konfessie**.

3. Die volgende fase begin in die tweede helfte van die sestiende eeu. Die gereformeerde Kerk begin om hom by sy konfessie-posisie **neer te lê** en hom dienooreenkomstig te **gedra**. Die afwysing van die Lutherane word nou 'n vaste punt in die dogmatiek en polemiek. Besondere aandag word gewy aan dié leerstukke wat voortaan as spesifiek gereformeerde sou geld, en in besonder aan die predestinasieleer. Dit word, anders as wat Calvin dit bedoel het, deur die meeste dogmatici gemaak tot die grondslag van 'n sluitende sisteem. Die Dordtse Sinode stel sy Leerreëls op as 'n louter binne-gereformeer-

de, byna selfs intern-Hollandse saak, in weerwil van bedenkinge van die Engelse en Duitse afgevaardigdes. Die besef dat die belydenis 'n saak is van die één her-vormde, katolieke Kerk, spreek nie meer mee nie. Die gereformeerdes word 'n groep, 'n modaliteit, met 'n aantal spesialiteite wat hulle van ander Christene onderskei. (Met „spesialiteite“ bedoel die skrywer „sekere leerstukke waarvoor hulle 'n besondere voorliefde het en waarop hulle hulle spesiaal toespits“ — *vertaler*.)

4. Piëtisme en Aufklärung laat 'n nuwe fase aanbreek waarin die konfessionele verskille **verwater**. Daar word nou gesoek na die kenmerke van bekering en wedergeboorte, of na 'n redelike godsdiens wat bo geloofsverdeeldheid verheve is. Vir die tradisies van die verskillende konfessies het daar min belangstelling oorgebly.

5. Dit verander in die eerste helfte van die negentiende eeu, onder invloed van Restourasie en Romantiek, wat die

mense weer leer om eerbied te hê vir wat histories gegroei het. „Die Lutheranisme“ en „die Calvinisme“ word nou met bewondering beskrywe as verskillende konsekwente stelsels, elk met sy eie uitgangspunt en daaruit voortvloeiende „Sonderlehren“ (ciendomlike leerstellinge). Veral twee persone het op hierdie gebied bekendheid verwerf, t.w. die Duitser, Schneckenburger en die Switser, Alexander Schweizer. Op hierdie wyse is allerlei treffende samehange en verskille ontdek. Daar is egter vergeet dat nóg Luther nóg Calvin ooit die bedoeling gehad het om geslote stelsels te ontwikkel. Hulle wou geen „konsekwente denkers“ wees nie, maar slegs „leerlinge van Christus“ en „dienaars van die Woord“.

6. Wat vir manne soos Schneckenburger en Schweizer by uitstek 'n akademiese saak was op die gebied van die geskiedenis van die dogmatiek (Schweizer self was 'n volgelinge van Schleiermacher), het in die verdere verloop van die negentiende eeu 'n **kerklike aangeleentheid** geword, met dié spits gerig teen die modernisme van daardie tyd. Ons dink hier veral aan Abraham Kuyper, wat sy volgelinge aangewakker het tot geesdrif vir „die Calvinisme“ met sy besondere leerstuk-

ke van goddelike voorbeskikking, menslike onmag, die soewereiniteit van God, die eer van God, skerp-afgrensende etiese norme, ens. So word daar hele kerke op die „Sonderlehren“ gebou. Die Calvinisme ('n term wat in vroeëre eeue alleen deur teenstanders gebruik is) word nou 'n wêreld- en lewensbeskouing, 'n filosofie, 'n ideologie. En sy kerke word „Sonderkerken“, kry 'n sektariese afgrensing, is kenbaar aan heel bepaalde „spécialités de la maison“ (spesialiteite — sien by 3 onderaan — van die huis, d.w.s. besondere leerstellinge wat van hierdie spesifieke kerk kenmerkend is — *vertaler*.)

7. So lank as wat die oortuiging daar is dat die gereformeerde „Sonderlehren“ die enig-ware is, kan dit alles nog 'n sekere krag ontwikkel. Maar daardie besef sak meer en meer weg. Dié proses sien ons in 'n versnelde vorm in Amerika. Daar leef die verskillende konfessies in broederlike koëksistensie naas mekaar. Die teologiese verskille beteken daar dikwels minder as die sosiale verskille of as die verskil in historiese agtergrond. Die

(Vervolg op bladsy 2)

“Being Christ to our Neighbour”

— GEORGE McLEOD BRYAN

In 1959 I travelled from Cairo to Capetown contacting leaders of the countries en route, seeking to learn whether they would welcome small groups of American university students who would come to Africa at their own expense and during their long holiday (three months) work with an equal number of citizens of these countries in much-needed self-help projects. At the time we were already cooperating with a few West African nations.

The response was overwhelming. Beginning modestly but mounting each year, by June — August, 1964, we were placing over three hundred such volunteers in twenty-two countries in Africa. Known as Operation Crossroads Africa, we now charter one jetplane to West Africa, one to East. Each participant raises half of his own cost, while public foundations, service clubs, schools and churches volunteer the other half. The receiving nation provides the local committee guidance, the housing, the project, tools and materials, and a matching number of work-campers from their own people. The work of this organization has been widely hailed as “the pilot project for the Peace Corps.”

And “pilot project” it was, since not until October, 1960, did the then presidential candidate, John F. Ken-

edy, propose the American Peace Corps. Yet phenomenal was the speed with which the Peace Corps idea was implemented. Less than a year after the proposal, the first Peace Corps Volunteers set foot on foreign soil, significantly in Africa. On a hot and dusty day in August, 1961, fifty-one Peace Corpsmen stepped off a plane in Ghana, singing a song in Twi to a rousing welcome. It is not far-fetched to claim that part of their royal reception was due to the groundwork laid by the purely volunteer organization, Operation Crossroads Africa. For apart from being government-sponsored and for a two-year term, they are similar and originated from the same generous segment of American interest in overseas development.

“IDEOLOGICAL MISSIONARIES”

The first fifty-one volunteers who landed in Africa were not the usual

joy-riding, rabble-rousing, loud-mouth, chewing-gum and photo-taking Americans. Nor on the other hand were they the long-faced, sour-looking puritan missionary-type. They were the new breed of do-gooders, what I call “the ideological missionary.” (As distinguished from the nineteenth-century missionary who came primarily to convert and incidentally to assist in human welfare.) They were keenly intellectual, seriously dedicated, yet capable of fun-making, the cream of America's best trained youth. They possessed, as their Director, Sargent Shriver, has recently described, “good will, a sense of adventure, willingness to sacrifice for others, and a readiness to work hard under difficult conditions.” The terms of the programme allowed them no special privileges, no hardship pay for overseas work, no buying opportunities in American missionary posts overseas, and they were absolutely obliged to speak the local language, live on similar economic level as the people among whom they laboured, and subject to the same laws and same hard work.

When I call them “ideological” missionaries, I do not imply that there is a necessary cleavage between them and the old-line missionary. Fact is,

(Continued on page 2)

Die Toekoms van die Gereformeerde Konfessie

(Oorgedra van bladsy 1)

konfessie het daar tot 'n **denominasie** geword.

8. Onder invloed van die **ekumeniese beweging** kom die denominasies nader aan mekaar. Daar word nou vriendelik en beskeie gepraat oor die „eie bydrae” wat gebring word om in die „groot geheel” „geïntegreer” te word. Die gereformeerde konfessie wil dan veral die leer van die soewereiniteit van God en van die Skrifgesag in die „ekumeniese gesprek” „inbring.”

Dit is duidelik dat die gereformeerde Kerk gevaar loop om via die begrip „konfessie” in die maalstroom van die **sektarisme** tereg te kom. Calvin sou niks begryp het van ons „gereformeerde” pretensies nie. Hy was beslis geen Calvinis nie! Dit het vir hom gegaan om die vernuwning van die hele Kerk volgens die norm van die Skrif. Van daar uit was hy tegelyk radikaal en toegewyd, bybels en ekumenies.

As die gereformeerde kerke aanhou om hulle as konfessies en denominasies met eie „Sonderleeren” te gedra, het hulle geen toekoms nie. Want die toekoms is gegee aan die sigbaarwording van die één liggaam van Christus, waarin die verskeidenhede alleen bestaan om mekaar aan te vul en so die eenheid tot openbaring te bring.

Die Kerk van Christus is nie op die spesialiteit gebou nie, maar op die komplementariteit. (D.w.s. nie op verbesonderinge wat daar in 'n deel van die kerk mag bestaan nie, maar daarop dat die lede van die één liggaam van Christus vir mekaar aanvullend sal wees — *vertaler*). „As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees?” (I Kor. 12:17).

Die gereformeerde konfessie sal in die naaste toekoms alleen dan vrugbaar wees as hy terugkeer na sy oorsprong en niks anders wil doen nie as om die één *ecclesia apostolica catholica reformata* — die één apostoliese, algemene, gereformeerde Kerk — sigbaar te maak. Daartoe sal hy bereid moet wees om na alle kante van ander kerke te leer — nie alleen ou dinge wat hy dink dat hy reeds weet nie, maar ook nuwe dinge wat die Gees aan hom in die twintigste eeu wil skenk om met nuwe tale die Woord te verkondig. Die gereformeerde Kerk sal ook dan ekumenies vrugbaar kan word as hy nie langer „bydraes” wil „inbring” nie, maar as hy soek na die gestalte van die **Kerk** en dit sigbaar wil maak. As hy dan ander konfessies op sy weg vind wat dieselfde beoog (bv. die Lutherse), dan is daar 'n egte ekumeniese gesprek moontlik en sou dit vreemd wees as dit nie ook tot ekumeniese daade kom nie.

Die vraag is net of die her-vormde Kerk bereid is om terug te keer van sy ingeslane rigting van 'n sektariserende ontwikkeling. Sedert die wêreldkonferensie van die hervormde kerke te Frankfurt in Augustus 1964, het ons m.i. rede om met stelligheid daarop te hoop. Ek noem enkele redes.

a. Deur die sendingwerk het die gereformeerde Kerk hom baie kragtig uitgebrei sowel na Suid-Amerika as na Asië en Afrika. Binne 'n kort tydverloop het die beeld van die konferensies van die **World Reformed Alliance** 'n diepgaande spesialiteite wat vanuit Europa as tipies-gereformeerde opgedien word nie. Waaroor hulle vir hulle wel sorg maak, is hoe hulle as belydende minderheid te midde van die onstuimige ontwikkeling van hul lande, die **Kerk** van Jesus Christus op die ware wyse teenoor hul volk kan verteenwoordig. Daarvoor staan hulle innerlik nader aan die fase van Calvin as die ouer kerke.

b. Die tema te Frankfurt was: „Kom, Skepper Gees!” Vir ekumeniese samekoms is 'n tema soos hierdie hoogs ongewoon. Ons werk gewoonlik eerder met 'n strydskree as met 'n gebed. Met hierdie tema het die gereformeerde konfessie nie voor die wêreldforum getree met die spesialiteite wat hy kan aanbied nie, maar juis met sy verleentheid, sy skuld en sy armoede. Op dié wyse het hy nie sy besit bely nie, maar sy gemis, en het die weg van selfkritiek

in plaas van selfaanprysing voor hom oop gegaan. Daar was kans vir bekering, groei en verryking. Ek sê nie dat dit in Frankfurt duidelik te voorskyn gekom het nie. Intendeel, ons het ons daar eintlik nog te min deur ons tema laat beheers. Maar die weg is duidelik aangetoon, en die sentrale tema van die vernuwning laat hom nie meer van die tafel skuif nie.

c. Die tradisionele gereformeerde spesialiteite het in Frankfurt nouliks 'n rol gespeel, en waar dit wel gebeur het, was dit veral in kritiese sin. So is daar nogal skerp kritiek gelewer op die armoede van die liturgie en op die Nagmaalspraktyk. Die naam van Calvin is selde genoem, maar dan elke keer met eerbied, soos dié van 'n groot voorbeeld. Toe iemand egter vra waarom die Alliansie dan die preke van Calvin wil uitgee — ons is tog nie na 'n mens verneem of aan 'n mens gebonde nie — het hy 'n dawerende applous gekry.

d. Die gereformeerde konfessie het in Frankfurt nie alleen die vereniging van gereformeerde kerke onderling aangemoedig nie, maar ook dié met kerke van ander konfessies. Sover ek weet, is so 'n geluid nog nie voorheen van 'n konfessionele wêreldorganisasie vernem nie. Maar ons kan hierdie geluid tog „goed gereformeerde” noem. Dink aan Calvin!

e. Besonder opvallend is die rojale verklaring ten aansien van die vernuwning by Rome. So iets gebeur in die *ecclesia reformata* nie maklik nie. Tereg is ook dié geluid gehoor van dié kerke wat van hierdie vernuwning nog niks bemerk nie. Maar die tendens in die verklaring is tog een van openheid, verwagting en selfkritiek — die enigste vrugbare verhouding in die ekumeniese verkeer, wat getuig van innerlike vryheid en volwassenheid.

Op die konferensie het ek gesprekke gevoer met nie-gereformeerdes wat so oorweldig was deur die verskeidenheid van gereformeerde kerke, dat hulle my gevra het wat nou eintlik nog „tipies gereformeerde” was. Ek kon uit hulle vraag aanvoel hoe hulle na die dae van Schneckeburger en Schweizer terugverlang!

Dit het vir my duidelik geword dat die *ecclesia reformata* hom altyd weer sal bly beweeg tussen twee pole: dié van die Skrif en dié van die vernuwning. Anders gestel: Hy is in die eerste plaas *ecclesia*, liggaam van Christus, wat nie oor homself beskik nie, maar gehoorsaam moet wees aan sy Heer, deur Wie hy in die woord van die Skrif ontmoet en vergesel word. En hy is in die tweede plaas *reformata*, maar — soos dit al sedert die sewentiende eeu in die kringe van Voetius gesê is — *reformanda quia reformata*. Die kerk moet steeds weer her-vorm word omdat hy hervormd is. Vgl. Rom. 12:2!

Die kerkhervorming van die sestende eeu word nie begryp as dit as 'n insident beskou word, as iets wat toentertyd noodsaaklik was maar waarop ons nou soos op 'n oorkussing kan gaan rus nie.

Nee, wat Luther en Calvin juis ontdek het, was die steeds weer hervorming nodig hê en deur die Gees hervorm word as 'n blywende „eksistensiële” ('n steeds aanwesige bestaansnoodsaaklikheid) van die één katolieke Kerk. Dit behoort tot die grootste dinge van ons tyd dat hierdie ontdekking tans ook met krag deurdring tot in die sentrum van die R.K. Kerk. Ons hoef nie te smaal dat ons dit al 400 jaar lank weet nie. Want so iets kan niemand „weet” nie, en sekerlik ook nie 400 jaar lank nie. Dit moet steeds opnuut in die krag van die Gees aan ons geskied, aan ons as enkelinge en as kerk.

Die hervorming lê altyd weer vóór ons. En om dit te weet, dit is gereformeerde! Dan het die gereformeerde Kerk 'n toekoms. Maar dan sal die toekoms waarna hy verlang, een moet wees waarin die vernuwning onder die gesag van die Skrif die kenmerk is van die één verenigde Kerk, en waarin iedereen vergeet het dat dit ooit as „tipies gereformeerde” geldet!

Prof. Berkhof is professor in Dogmatiek aan die Universiteit van Leiden.

“Being Christ to our Neighbour”

(Continued from page 1)

throughout Africa they work alongside missionaries and often in mission stations, at the same jobs. Only occasionally are they at cross-purposes, arising from a Corpsman with a bias against missionaries or an anti-Corpsman missionary. I would say that the majority are Christian, although they need not be as there is nothing in their terms of acceptance pertaining thereto. However, it can certainly be proven that most of their leaders are devoted Christians. Three Deputy Directors whom I know as personal friends are either former clergymen or missionaries: Bill Moyes, now President Johnson's assistant, Paul Geren, only recently Consul in Salisbury, and American Negro Samuel Proctor, present Deputy Director. Also, one of my former students, a clergyman, is head of the unit in Ceylon.

What is surprising is that so many Americans applied, in spite of the forbidding terms. So far over 110,000 have applied, with over 5,000 still offering their services each month. Already over 13,000 are busy in 46 countries. In less than two years from its inception over 2,000 were placed in twenty countries of Africa. (I should say, in passing, that it would have taken the ordinary recruiting of the American mission boards over forty years to place the same number.) Twenty-four countries are still on the waiting list, having “placed orders” for Corpsmen. To fill the requests from foreign governments calls for 50,000 more.

“KENNEDY'S KIDDIE KORPS”

Ridiculed at the outset as “the second Children's Crusade” and “Kennedy's Kiddie Korps”, the readiness with which Americans responded, the success of the training programme and the speed with which they were placed on the field, all contributed to a favourable reception both at home and overseas. Those who landed first in Africa were actually ahead of Congress' appropriation of funds, the first 30,000,000 dollars in Sept. 1961. What kind of people are they, and what are the aims of the programme?

We can answer the latter in the words of Kennedy upon signing the order establishing them, soon after he became President in March 1961:

“Our Peace Corps is not designed as an instrument of diplomacy or propaganda or ideological conflict . . . (but) to permit our people to exercise more fully their responsibilities in the great common cause of world development.”

As to the other question, the kind of persons who are Peace Corpsmen, we can answer in the words of Director Shriver: **“We send people. People of good will with whom they (the developing peoples) can talk about their hopes and suffering, with whom they can share the experiences of living, and with whom they can plan a better life.”**

These volunteers find more meaning in service than in easy, sheltered life. There is nothing miraculous about them; they merely serve as a catalyst for self-help projects which will still produce something of value long after they are gone. They are people with “character”, friendly but independent, flexible but determined.

VOLUNTEERS FOR AFRICA

Simultaneous with the Peace Corps are other American overseas programmes of a non-governmental nature. Foremost in Africa is the Columbia University — Ford Foundation — British East Africa co-operation which has produced teachers for the three countries becoming independent: Uganda, Kenya and Tanganyika. Americans possessing degrees are brought to Makerere College and trained for six months, and then immediately placed in East Africa secondary schools, where the teacher shortage is appalling. I have personally visited such teachers, and have found them of the same quality as Peace Corpsmen. One such teacher I knew in Tanga, the seacoast town which at the time provided the

second of Tanganyika's two government high schools, took such interest in his boys that he flew home to the States, raised enough money to purchase them a library (where none had been, and where the funds raised equalled the entire yearly budget of the school apart from teachers' salaries!)

Other programmes of similar nature are also in operation. A crash-programme of medical teams volunteering to come to the Congo at least for six months, helps fill the gap caused by the exodus of Belgium and missionary doctors. Another organization underwrites the Protestant Technical College for the Congo, which aims to meet the higher education needs for Congolese in an institution other than the Catholic supervised Lovanium University at Leopoldville. All told there are dozens of such spot-programmes operating all over Africa. I myself found hundreds of volunteers eager to come in a programme I conceived and directed for one year, called Volunteers for Africa. Designed especially to fit the needs of highly trained and experienced Americans who had retired early, whose health was still good and whose pension could sustain them while serving in Africa, I found more prepared to come than I could find positions. The terms were that the receiving African institution must provide modest housing (nothing special “for Europeans”) and a job, and the volunteer could begin work the day he arrived.

The idea struck me when visiting the Bai-hai Temple in Kampala, the centre of that religion in Africa. The caretakers were a retired American couple, formerly professor of agriculture at the Cornell University. They were having the time of their lives, projecting his faith and helping the local people, but also living a happy existence pursuing his hobbies — all on a pension that went so much further than in Florida or California! When one considers that there are over twenty million Americans between the ages of 55 and 75, one can see what a reservoir of potential volunteers is waiting to be tapped for aiding developing peoples of Africa. We tend to think of Peace Corpsmen as young (the average age is twenty-four), but one must remember that over eighty of them are over sixty years old!

GOD'S OPEN DOOR

Above all we must remember what an opportunity this is for Christian people, in so-called Christian nations, to exercise their Christian concern. When more and more nations, particularly in Africa, are erecting barricades against the professional missionary, on account of rabid nationalism and resurgent tribal religions, this is another, and feasible, means of entree. God closes one door, but opens another.

Always, as among all the volunteers I am acquainted with in these groups, we must keep in mind that the greatest benefit accrues to the giver. Ruth Dygert, returning home after two years in her first nursing job with the Peace Corps at Tanga Hospital, wrote that she was “taking home far more than I could ever hope to leave behind.”

Instead of *shauri la mungu* (Swahili for “leave it to God's will”), the mood of all these contributors to overseas betterment is “let's do it together”. The greatest reward is that which a Peace Corpsman is reported to have said in Gabon: “It is good to know we are part of the future.” Yes, in an outward reach like this we are truly “being Christ to our neighbour,” as Luther stated it theologically.

What greater calling is ours than to be “Christ to our neighbour” north of us in Africa, to people who have had so little of the past and present, but need a helping hand for the future?

Prof. G. McLeod Bryan is professor of Christian Ethics at Wake Forest College, Winston Salem, North Carolina, U.S.A. He has travelled extensively in Africa, including South Africa.

PRO VERITATE

Inleidingsartikel

AS U GESIN KERSDAG SAAM IS...

Twee belangrike Konferensies wat die gesinslewe raak is die afgetoete tyd in Johannesburg gehou.

Albei het gehandel oor die verstedeliking van die Bantoe en die geweldige invloed wat dit het op sy hele bestaan: godsdien, gesinslewe, kulturele aktiwiteite, ekonomiese vooruitsigte. Die eerste is georganiseer deur die Sinodale Sendingkommissie van die N.G. Kerk van Suid-Transvaal onder die wakker leiding van ds. C. W. H. Boshoff, die predikant in Sinodale diens vir die Sending. Die tweede is gehou onder beskerming van Idamasa en was 'n baie kleiner projek as die eerste. Albei egter, het ernstige aandag gegee en die soeklig laat val op die gesin en die jeug en albei het sterk onder die indruk gekom van die baie nadelige faktore wat besig is om die gesinslewe van die Bantoe te bedreig.

Die Kerk van Christus in Suid-Afrika moet met groot dankbaarheid kennis neem van hierdie onderneming, van die besluite wat geneem is, en moet hulle volle morele en geldelike steun aan die pogings toesê, nie eerstens omdat dit die gesinslewe van die Bantoe as nie-blanke raak nie, maar van 'n deel van ons bevolking wie se huweliks- en familiewelsyn elke inwoner van die land se medeverantwoordelikheid is — net soos ons met reg kan verwag dat die nie-blanke met ewe veel verantwoordelikheid die gesonde gesinsbestaan aan blanke kant moet help bevorder. Want ons hele bestaan in Suid-Afrika is in een gemeenskaplike samesyn onlosmaaklik saamgeweef en die sedelike wel en wee van die een bevolkingsgroep is ook die van die ander. Saam sal ons die seëninge van 'n gesonde gesinslewe by albei geniet en saam sal ons die smarte van bedreiging en verbroekeling moet dra.

Daarom is dit gepas dat ons juis in Kerstyd, dié tyd wanneer ons in die geluk van gesinne wat saam verkeer, die koms van die Kind van Bethlehem herdenk, ook sal onthou om in meegevoel ons harte te laat uitgaan na alle gesinne waar huweliksontrou, drankmisbruik, kinderverwaarlosing of gedwonge skeiding van gesinslede 'n donker skadu werp oor die heiligheid van die huwelik en die bande wat families moet bind. Bid dan vir al sulke gesinne en vir alle pogings wat aangewend word om uitvoering te gee aan die opdrag en uitspraak van die Meester: „Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie . . .”

Editorial:

FRIENDSHIP THROUGH SERVICE

It is imperative that white Christians should build more ties of friendship with non-white Christians all over Africa through genuine Christian service.

This building of friendship through service is not called for in the hope that this may create a more favourable acceptance of whites by non-whites. If this were to be our motive we will fail miserably as whites. No — our basic desire must be to do this because Christ, our Lord and Master, revealed Himself to us as the Servant of men. His image is that of the Servant-King, the least among men, the Washer of feet, the Bearer of the Cross. As such we are called upon and commanded through His love to us to commit ourselves in voluntary service to every man and every nation in need. Such service should always be initiated by Christians as the people of God who have discovered the secret of a sacrificial giving of themselves without ever asking for or expecting any reward. Even though such service may be misunderstood by friend and foe, we are still bound to offer it regardless of whether it may be accepted or rejected.

Usually we find, however, that non-Christian or secular bodies put Christians to shame by taking the lead in many such projects. An outstanding example of such service and the value it has for both the giver and recipient is given in the two articles in our current issue, one dealing with the Peace Corps Movement and the other with Voluntary Service Overseas. We strongly recommend the reading of these two articles to our readers as proof of the constructive possibilities of such undertakings. What an excellent opportunity such a Friendship-for-Africa scheme could provide to young South Africans to offer their services as students, clerks, typists, builders, lawyers, nurses, farmers, artisans, teachers or in any other vocation to communities in dire need of such talents! Starting with such projects in our own country this could eventually be expanded to the neighbouring protectorates and then further north.

Apart from the fact that such an army of volunteers will thereby prove the sincerity of our Christian discipleship, it could also provide new avenues of expressing the adventurous spirit of youth's idealism and its willingness to take up a great challenge. Who will head this call?

APARTHEID

The Trinity in realms of lofted space,
All-loving and All-powerful looked down
With pity on the fallen human race
And Jesus said, "I'll leave my heavenly crown
To live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth."

The angels worshipping in prostrate zeal
And ringing round the blazing golden throne
Looked up in startled horror, to reveal
Their disapproval that the Holy One
Should live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth.

"But Lord," a stricken cherubim declaimed
"The men on earth are different from us here;
You'll never get to know them, they're untamed;
Their souls dwell in a darker, lower sphere.
Don't live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth."

"Have you considered, Master," one implored,
"That those on earth were made to wait on Thee?
The servant is not greater than his lord;
You would not urge complete equality
And live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth?"

A Guardian Angel, fresh returned from Earth
With knowing pity said, "That's not the way;
From Heaven here, one cannot judge their worth
Nor estimate the price you'd have to pay
To live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth."

"To force yourself on them would scarcely be
The best of taste," the seraphim declare
With deep compassion for humanity,
"They'd be uncomfortable with Thee there
To live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth."

"Do nothing rash, Lord God," St. Michael cried.
"Such things must hasten slowly; bide your time
Till things improve; Thy loving hand can guide
Without that Thou shouldst grovel in their grime
To live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth."

The Son of God just quietly smiled on them:
That night a child was born at Bethlehem
To live with them
And eat with them
And sleep with them
And die with them
On earth.

— E. V. STONE, Lusaka, Zambia.

GEVAARLIKE WOORDE

VI „DO-GOODERS”

Stam hierdie term uit Amerika? En is dit afkomstig uit die sinistère kringe wat rondom die John Birch Society hulle tente opgeslaan het?

Ek durf dit nie sê nie; dit is dikwels moeilik om die oorsprong van 'n eietydse uitdrukking na te vors. Soveel is seker, dat dit teenwoordig veel in Afrika gebruik word. 'n Afrikaanse vertaling daarvan het ek nog nie teengekomen nie. Dit sou dus 'n taak vir die vakkantoor van die Akademie kon wees, om hiervoor 'n gelykwaardige weergawe in Afrikaans te soek. Ek hoop egter, dat dit nie sal gebeur nie; ek hoop dat hierdie uitdrukking vinnig uit die joernalistiek sal verdwyn. Wellig is dit egter 'n ydele hoop, want die gebruik van hierdie term wen veld. Tot my verdriet het ek hom nou ook al in *Pro Veritate* aangetref, in die nommer van 15 Oktober, bl. 6, in die weergawe van 'n referaat deur dr. Leslie Cook oor die Interkerklike Hulpvereniging onder auspisië van die Wêreldraad.

Ons lees daar: „Interkerklike Hulpvereniging vereis 'n suiwere verhouding tussen die praktiese en die teoretiese, tussen ekstroversie en introversie. As die klem te veel op die praktyk val, loop die afdeling gevaar om 'n groep onnadenkende „do-gooders” te wees.”

Hierdie laaste sin, in hierdie verband en in ons maandblad, het my pyn gedoen. Miskien is dit ongesond, om so gevoelig vir woorde te wees, soos ek nou eenmaal is; maar miskien is dit tog ook nuttig, dat daar mense met so 'n ongesonde gevoeligheid bestaan; hulle kan waarsku teen gevare, wat vir ander eers merkbaar is, as dit te laat kan wees. Want woorde — ons het dit meermale gesê — is uiters gevaarlike speelgoed.

JESUS CHRISTUS

As ek Leslie Cook so onvriendelik, en baie ander outeurs so smadelik, oor „do-gooders” hoor praat, dink ek aan die Bybelse agtergrond van daardie uitdrukking. En dan in die eerste plek aan Hand. 10: 38, waar Petrus van onse Here Jesus Christus sê: „Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duivel was . . .” In hierdie geval wil ek die teks ook in die Authorised Version gee: . . . who went about doing good, and healing all that were oppressed of the devil . . .

Waarom hierdie keer die teks ook in Engels? Omdat dit die woord is, wat indertyd die gemoed van Robert Raikes (1735 — 1811) aangegryp het, en hom, die welgestelde eienaar van 'n drukkersbedryf, daartoe gebring het om sy lewe te wy aan die opheffing van die verwaarloosde en verwilderde kinders in die Londense arbeiderswyke. Uit daardie werk het die Sondagskool gegroei, en waar op hierdie wêreld

mense die seën van daardie arbeid ondervind het — en wie van ons het dit nie? — daar het hulle die seën ondervind van ons teks.

Robert Raikes het in sy dae op spot en teenwerking gestuit. Natuurlik was daar mense wat in sy werk 'n gevaar vir die ekonomie gesien het; ook kwasi-geleerdes wat betoog het dat kinders uit 'n dergelyke omgewing nie opgehef kan word nie; ook pseudo-teoloog wat die predestinasie teen Raikes se pogings in die bespreking betrek het. Dit is beweer dat hy die bestaande ordening van die samelewing deur sy Sondagskole wou aantast. Maar op al daardie aanvalle het Raikes een verweer gehad: dat hy gegryp was deur die woord van die Heilige Skrif, wat getuig het dat die Here Jesus Christus die land deurgegaan het, goed doende. Wat sy Meester gedoen het, wou hy met sy swakke kragte ook doen. So het hy dan 'n „do

HY WAT GOED DOEN

gopher” geword.

Die apostel Paulus, wat heelwat van die predestinasie geweet het, sou teen Robert Raikes se optrede geen beswaar gemaak het nie. Intendeel, Paulus het self aan Timotheüs geskrywe (I Tim. 6:7, 18): „Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld . . . dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke.” In II Thes. 3:13 lees ons: „En julle, broeders, moet nie in goed doen verfloei nie.” Onmiddellik daarop volg die aanwysing, dat wie aan die woorde van die apostel in hierdie brief ongehoorsaam is, onder die kerklike tug geplaas moet word. Alleen „do-gooders” het 'n plek in die gemeente van die Here!

Dit behoort vanselfsprekend te wees, want, so skrywe Johannes (III Joh. 11): „Hy wat goed doen, is uit God; maar hy wat kwaad doen, het God nie gesien nie.” 'n Neutrale houding is hierby nie moontlik nie: „Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde” (Jak. 4:17).

Besondere nadruk op die plig en voorreg om goed te doen lê die eerste prief van Petrus, Kom, waarde leser, laat my nie al die werk doen nie, maar vat ook self u Bybel en lees I Petr. 2: 14, 15; 2: 20; 3: 17; 4: 19. Dan sal u ook merk, dat die apostel wel weet, dat iemand deur goed te doen in die moeilikhede kan kom; dit is nog maar net die minste, dat hy 'n „do-gopher” genoem word. Maar, so sê die laaste van die aangehaalde tekste, deur goed te doen vertrou die Christen sy siel aan die getroue Skepper toe. Aan wie vertrou ons ons siele toe deur geen „do-gopher” te wil wees nie?

Verstaan u nou waarom daardie

smadelike gebruik van die term „do-gopher” my pyn doen? As u iets anders met daardie uitdrukking bedoel, gebruik dan 'n ander uitdrukking. Want deur hierdie term smaad u die apostels, die Heilige Skrif, die Here Jesus Christus, ja God self, van wie geskryf is

(Hand. 14:17): „ . . . al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die Hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.”

(Lees nou „Christ to our neighbour” en „Voluntary Service Overseas” — Redakteur)

HELP!

Deur CORRIE VAN DEN BOS

In prakties alle lande van die wêreld hoor mens vandag die kreet (veral van die ouere geslag): „Die kinders! Hulle is onmoontlik. Hulle is lui, ongehoorsaam, geen maniere, slordig . . . nee, in MY tyd!”

Ek gee toe dat die meerderheid van die jeug, veral as hulle in 'n groep is, hulle skuldig maak aan die aantygings van die sestigers plus, maar ek verfoei die gesegde: „maar in my tyd.” Ek behoort ook tot daardie groep, maar my tyd is nie vandag nie. Wat het daar nie gebeur tussen die jare 1884 en 1964 nie? Ons het van naby of van 'n sekere afstand vier oorloë meegemaak: die Boere-oorlog, die Balkan-oorlog, die Eerste en Tweede Wêreldoorloë (om nog maar te swyg van die Japannese oorlog). En ons lewe nog steeds op die top van 'n vulkaan en as 'n mens goed luister (d.w.s. as u die wêreldgebeure met aandag volg) hoor mens voortdurend die gerommel, sien mens voortdurend die uitbarstings van haat, jaloesheid, dade van magsvertoon.

Dit maak nie saak of die meerderheid van die volwassenes horende doof en siende blind is nie, die hele atmosfeer is daar vol van. Sels as mens weier om die koerante, die tydskrifte, die boeke daaroor te lees, voel ons tog dat ons lewe in 'n tyd van spanning, van intense spanning.

DIE WÊRELD STAAN OP SY KOP

Die wetenskap het ons in die 70 jare dinge gebring wat die groot wêreld klein gemaak het. As daar moeilikhede is, duisende en duisende myle van ons af, neem dit 'n paar minute om daarvan te hoor. Die vliegtuie van vandag gons deur die lug met 'n snelheid wat die mens in 'n paar uur van een deel van die aarde na die ander verplaas.

Die tegnologie bring prakties elke dag nuwe dinge wat bedoel is om groter snelheid in alle takke van ons samelewing in te lei. Daar is 'n volgehoute eis van minder werkeure, hoër lone. In meer en meer lande word die industrie regeer deur outomatisasie. Maar hoe moet hulle nou maak om 'n te groot mate van werkloosheid te voorkom? Is dit wonder dat so baie mense hart- of maagsiektes kry?

En dink u nou regtig dat die kinders ontsnap aan daardie spanning? Die wêreld staan op sy kop, wat gaan daar môre gebeur . . .

Het ons, oueres, die reg om die kinders te veroordeel en hulle aan hul lot oor te laat?

Elke dag opnuut kry ek direkte of indirekte bewyse van die grondgedagte wat hulle besiel, die eintlike oorsaak van hulle dwase manier van doen. Dit is vrees, vrees vir die onbekende toekoms, vrees omdat hulle geen anker het nie. Hulle het die naam van aanbidders te wees van materiële dinge. Waarom? Ek het in Australië op 'n Sondagoggend 'n byeenkoms bygewoon van jong seuns tussen 16 en 20 jaar oud. Hulle het alles self gereël, die gebed, die gesange, alles. Die spreker was 'n matroos van 19 jaar. In eenvoudige woorde het hy gepraat oor die moeilikhede van die jong mense. „Wat ons meer as enig iets anders nodig het is geestelike leiding om ons die krag te gee die onbekende toekoms te benader met moed en op 'n waardige wyse.” Dit het my diep getref.

HELP HULLE

Ek weet dit is vir die jong ouers, veral vir hulle wat in die oorlog self was, moeilik om aan hulle kinders dit te gee wat hulle nodig het, omdat so

baie nog self onder die invloed van die oorlogsindrukke is. Maar . . . as hulle trou (en baie was eintlik veel te jonk) moet hulle hulself dwing om daardie indrukke opsy te skuive. Dit is die plig van elke ouer, jonk of oud, en dit bly die taak van elke ouer om sy kinders die begrippe van plig en dissipline by te bring. Mens het nie reg om kinders in die wêreld te bring as jy nie kan of nie die wil het nie om jou eie swakhede te oorkom nie. As ons voortgaan op die pad wat die meerderheid van die mensdom vandag volg (d.i. verwaarloos van die jeug, degenerasie van ons eie groep), dan verniel ons op die mees wrede manier dié deel van God se skepping wat vir ons so belangrik is. Dan word ons moordenaars van die gees en die siel van ons kinders. Ek kla aan nie alleen die mense wat niks doen om die wêreld van ondergang te red nie, maar ook hulle wat stilbly, wat nie hulle stemme verhef nie, wat nie klaar staan om op elke oomblik van die dag te luister nie, te analiseer, die helpende hand uit te steek om te red dié wat in nood is.

Dis nie alleen die ouers wat skuldig is nie, dis alle leiers wat met kinders of jongmense te doen het, sowel in die materiële as in die geestelike lyn.

Heeltemal waar, ons weet nie wat die dag van môre sal bring nie, maar laat ons dan die dag van vandag beskou as synde van soveel belang, dat ons die jeug moet leer om die gebeurtenisse van die dag te wik en te weeg en om in hulle vreugde te deel as dit 'n „goeie dag” was. Help hulle deur hulle die geleentheid te gee om bv. by die aandete hulle ervarings van die dag te bespreek. Vertel van u eie ervarings, sodat die familieband steeds sterker word. Dit sal glad nie kwaad doen om so nou en dan u eie swakhede te beken en met hulle te gesels oor die manier hoe om daardie swakhede te oorkom nie. Dit gee hulle die voorreg om te leer hoe om die wet „Doen aan andere” in praktyk te bring.

Koop nie altyd pragtige speelgoed nie, maar gee meer aandag aan die groot wens van die meeste kinders om self iets te skep. Die meeste stadsbiblioteke het ook 'n kinderafdeling. Gee hulle die kans om boeke te lees wat die moeite werd is.

Help om God se wêreld te red van vernieling deur die eise van ons geestelike lewe hoër te stel. Dis die mens wat die wêreld maak of breek. As ons hom breek begaan ons die grootste sonde wat die mensdom kan begaan: die vernieling van 'n deel van God se skepping wat Hy aan ons toevertrou het en daarmee die vernieling van die talente wat ons deur Hom gegee is om van daardie wêreld 'n paradys te maak.

N.S. — Wat is die regte en die pligte in verband met onderwys en opvoeding van die leerling, die ouers, die onderwysers, die verenigings van ouers en onderwysers, die provinsiale en die staatsdepartemente? Ek sal so bly wees as u u menings daaromtrent aan my wil stuur. Net my naam, p/a Pro Veritate, Posbus 487, Johannesburg.

(Die redaksie verwelkom bespreking en meningswisseling oor dié belangrike saak.)

1964/65

KERSFEES EN NUWE JAAR

Names die redaksie en administrasie van Pro Veritate wens ons al die lesers van ons blad 'n baie gesênde Kersfees toe. Mag temidde van baie spanninge die vrede van Christus u harte en huise vervul en mag u die Nuwe Jaar ingaan met vaste vertroue op God en op sy belofte, leiding en steun, vir almal wat Hom gehoorsaam.

CHRISTMAS AND NEW YEAR

On behalf of the editorial board and the administration of Pro Veritate, we wish all our readers a very happy Christmas. May the peace of Christ fill your heart and homes in spite of many tensions and may you enter the New Year with steadfast trust in God and in his promise of guidance and support for all who obey Him.

Hier van en Daar van

The South African Observer

Die redakteur van bogenoemde blad moet beslis gelukkigewens word met die wêreldwye verspreiding en eenparige goedgesindheid van sy internasionale leserskring. **Briewe aan die Redakteur** is vir my altyd een van die interessantste kolomme in enige blad; maar die **S.A. Observer** stof in hierdie opsig alle ander blaie uit wat ek ken. Sy maters is almal dood! Die redakteur self noem dit "a small review that struggles on from month to month without any advertising or powerful backers" (Nov. 1964, p. 2), en tog sien ek dat hy sy lesers tel in vrywel elke land van die beskaafde wêreld. Dit sê heelwat vir die kwaliteit van die blad! Dit is ook opvallend dat die briewe almal afkomstig is uit die groot stede en hoofstede van die wêreld: uit Londen, New York, Washington, Melbourne, Christchurch, e.d.m. Voorwaar 'n leserskring wat **Pro Veritate** hom kan beny. Ons wens mnr. Brown geluk met die wonderlike weerklank wat sy woorde in so baie lande wek. Mag ek net 'n klein versoekie daaraan toevoeg? Dit is, dat mnr. Brown in die vervolg tog die volle name en adresse van die oorsese briefskrywers by die briewe wil afdruk. Natuurlik, vir my persoonlik maak dit nie saak nie, ek is heeltemal tevrede met die voorletters alleen; maar ag, dit is nou eenmaal joernalistieke gebruik om die volle naam te gee, en bowendien, daar sal altyd bese tonge wees wat maar al te graag sal wil beweer dat die redakteur daardie briewe self geskrywe het en die voorletters en adresse uit sy duim gesuig het. Dit is 'n skandelijke gedagte, en ek verfoei dit; maar mense is nou maar soos hulle is, en hulle sal dit sê. Daarom, mnr. Brown, asseblief: die volle name en adresse. Dan kan ons somar aan elkeen van daardie mense ook 'n eksemplaar van **Pro Veritate** pos.

Vaarwel, C.S.V.

Dit is 'n droewige saak wat ons tans voor ons oë sien afspeel. 'n Voortreflike wêreld-organisasie wat sewentig jaar lank miljoene studerende jongmense tot seën was, verloor sy kop, vergeet sy beste vriende, en verneder homself deur saam te gaan skree in die koor van 'n wêreld wat gek geword het. Dit kon nie anders nie, die C.S.V. van Suid-Afrika moes homself van so 'n organisasie distansieër. Dit was alleen uiters merkwaardig om op te merk dat hierdie besluit, wat tog 'n pynlike saak was, sonder 'n enkele traan geneem is. Is ek heeltemal verkeerd, of was daar 'n sekere **vreugde** en 'n sekere **gretigheid** te bespeur in die onbegryplike haas waarmee die Dagbestuur hierdie besluit aangekondig het? Asof hulle net daarop gewag het? 'n Mens sou dink dat die verbreking van bande wat sewentig jaar lank met liefde gekoester was, darem nie sonder 'n woord van opregte leedwese sou plaasvind nie. Hier was egter geen spoor van enige leedwese nie. **Die Kerkbode** het eers die gemoedere voorberei op „groot veranderinge” wat sou kom, en wat dan juis sou bewys dat die C.S.V. van Suid-Afrika nie so liberalisties en kommunisties is as wat deur sommige vuurvreters van die Hervormde Kerk beweer was nie. Dit was die eerste, onmiskenbare aanduiding van die rigting waarin dinge sou beweeg. Dit was ook nie lank nie, of daar kom die Dagbestuur (Stellenbosch) voor die dag met hul opsienbarende verklaring, waarin op byna triomfantelike toon 'n einde gemaak word aan die laaste internasionale bande waarop die Suid-Afrikaanse Christen-student tot dusver nog kon aanspraak maak.

Nou hoor ons meer. Dit word al so te sê as 'n voldonge feit aanvaar dat op die komende vergadering in Bloemfontein (Januarie 1965) die C.S.V. van Suid-Afrika soos ons dit ken, ontbind sal word, en dat ons voortaan alleen nog 'n aantal **aparte verenigings** sal hê

ooreenkomstig die nooit volprese ideaal van **differensiasie**, soos uitgedruk in die wapenspreuk van die Vereniging: **Ut Omnes Unum Sint**: 'n Afrikaanse C.S.V., 'n Engelse C.S.V., 'n Kleurling-C.S.V., 'n Bantoe-C.S.V., en enige ander C.S.Vees wat verder nog nodig mag blyk. Sodoende kan die moontlikhede van wrywing (soos bv. waar blank en bruin saam op 'n konferensie is) tot 'n absolute minimum beperk word. Die geestelike eenheid in Christus word nie geraak nie. Dit is 'n louter praktiese reëling, en sal op die lange duur alleen maar beter buurskap tussen die groepe in die hand werk. Die allergrootste nut en voordeel van die nuwe reëling sal egter hierin geleë wees, dat dit die Afrikaanse volk, en met name ons Regering, weer nuwe vertroue sal gee in die volkswaste loyaliteit van die C.S.V. — die **Afrikaanse C.S.V.**, natuurlik, wel te verstaan. Niemand sal **hulle** ooit die verwyrt kan maak dat hulle nie lojaal was nie.

Intussen is daar 'n ou versie van wyle Pres. Reitz wat voortdurend by my opkom. „Vaarwel aan de Vierkleur” was die titel van sy gedig, en die datum, Junie 1902. Wat hy daar sê van die

Dis vir ons aangenaam om aan te kondig dat 'n gereelde rubriek **HIERVAN EN DAARVAN** vanuit die pen van 'n medewerker, **ERASMIUS**, voortaan in ons blad sal verskyn. Ons medewerker het onderneem om minstens elke twee maande sy bydrae te lewer maar ons hoop dat ons hom kan oorreed om dit maandeliks te doen. U sal self verstaan waarom as u sy rubriek lees! — Red.)

Transvaalse Vierkleur, wil ek nou toevas op die C.S.V. en op die wapen wat hy voer:

*Gelukkiger zijn zij die vielen
Toen zij nog hoog werd opgebeurd,
Dan wij, die met bedroefde zielen,
Haar zagen in het stof geseurd.*

Vaarwel, C.S.V.!

Antikom

Vir menige lidmaat van die N.G. Kerk sal dit 'n vreugde en 'n oplugting gewees het toe die Kaapse Moderatuur in versigtige, maar ondubbelsinnige woorde stelling ingeneem het teen die verregaande antisemitiese propaganda wat in die blad **Antikom** verskyn het. Dit pleit vir ons Kerk; te meer, waar een van die lede van hierdie Modera-

tuur self ten nouste by die hele saak betrokke was. Strikte reg en billikheid het hier geseëvier, met gevolge wat alleen maar heilsaam kan wees vir ons Kerk.

